Jatropha erythropoda (Familie Euphorbiaceae)

Hierdie nietige klein kruidjie groei in sandgrond (Kalaharibekken) in suidelike Afrika.



•Hoogte tussen 15 en 30 cm, afhangende van die hoeveelreid reën, oor die algemeen hoër en weelderiger met meer en groter blare by hoër reënval

•Bogronds: **Stingels:** een of meer oënskynlik kort, ietwat vlesig, glad, ligte groen-pienk; ondergrondse deel roomkleurig, omtrent die lengte van die bogrondse plant

Blare: min, donker- of blougroen, onreëlmatig gekeep of getand (in elk geval met baie punte), wanneer dit droog is gevou of ietwat ingerol

Blommetjies: groei in die somer,witgeel manlike blomme in bondeltjies, enkele vroulikes, daaruit ontwikkel **Saadkapsule** of **vrug:** rond, groen, geen vrugvleis, min **saad**pitte (ek het net 2 gesien), lig met rooi spikkels

•Ondergrondse deel groei in fyn sandgrond, bestaan uit een of meer **knolle**, wat verbind is met mekaar deur'n **soort stingel**, baie min **wortels,** onderste knol (dalk moederknol) loop op onderste punt uit in enkele langerige wortel (ongeveer 15 cm)

•Op die foto : een groter knol diep (30 cm) in die grond, omtrent halfpad na bo nog twee kleiner knolle, moontlik die plant se spens om vog op te gaar.

•By besering van ondergrondse dele uitsyfering van helder wynrooi plantsap (sien kante van die oopgesnyde bol) Hoewel 'n familielid van die*Euphorbia*, het dit tog nie lateks (melk) nie. Of dit giftig is al dan nie, kon ek nie uitvind nie.

•In Botswana word 'n aftreksel van die boonste bolle teen bloed in die urine en/of maagpyn gedrink. Op oop wonde word die plant (ek veronderstel boonste plantdele) gevryf.

Inligtingsbronne:
https://tropical.theferns.info/viewtropical.php?id=Jatropha+erythropoda
Google: Jatropha erythropoda , verskeie links
Guide to Garden Succulents (Gideon F.Smith, Ben-Erik van Wyk)
Guide to SUCCULENTS in southern Africa (Gideon F.Smith, Neil R.Crouch, Estrela Figueiredo)
Correnpondence: Peter V.Bruyns en David J.Hearn (Thank you)
Teks en fotos: Anka Eichhoff Desember 2021